Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kurrikulum VOO

# AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

## HERSIENINGSBOEK
## 2021 KWARTAAL 1

## Graad 11

Hierdie hersieningsprogram is ontwikkel om jou te help met die hersiening van belangrike inhoud en vaardighede wat gedurende die eers kwartaal onderrig is. Die doel is om jou voor te berei om die kernkonsepte te verstaan. Dit wil jou ook die geleentheid bied om die verwagte standaard en toepassing van kennis te verkry wat nodig is om sukses in die NSS-eksamen te behaal.

**INHOUDSOPGAWE**

HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK .......... 2
INLEIDING .......... 3
VERHALENDE OPSTEL .......... 3
BESKRYWENDE OPSTEL .......... 5
BESPIEGELENDE OPSTEL .......... 6
ARGUMENTERENDE OPSTEL .......... 7
BEREDENEERDE OPSTEL .......... 7
OPDRAGTE OOR DIE BESPIEGELENDE, ARGUMENTERENDE EN BEREDENEERDE OPSTEL .......... 8

## HOE OM DIE HERSIENINGSBOEK TE GEBRUIK

- Jy kan hierdie hersieningsboek gebruik om vir die formele skryftake en vir Vraestel 3 in die eksamen voor te berei.

- Die inligting in hierdie hersieningsboek sluit aan by die lesse van Kwartaal 1 van 2021, Week 3 en Week 5.

- Doen AL die oefeninge in die hersieningsboek. Gebruik 'n tweetalige woordeboek om jou met die spelling van vreemde woorde te help.

- Vergelyk jou antwoorde van die oefeninge en opdragte met 'n maat s'n. Sodoende sal julle by mekaar kan leer.

- Pobeer eers om die vrae in die Werkkaart op jou eie te beantwoord voordat jy na die memorandum kyk. Onthou ook dat jou antwoorde nie presies soos dié in die memorandum hoef te wees nie, solank dit nog steeds dieselfde betekenis oordra.

## INLEIDING

- In Graad 11 moet jy verskillende soorte opstelle leer, ken en kan skryf: verhalende, beskrywende, beredeneerde en argumenterende opstelle.
- Wanneer jy 'n onderwerp lees, moet jy besluit watter soort opstel jy daaroor gaan skryf. Daarom moet jy presies weet hoe elke soort opstel werk.
- Onderwerpe word ook so opgestel dat jy duidelik kan sien of dit byvoorbeeld die beste gaan werk as 'n verhalende of beskrywende opstel, en of die onderwerp op 'n beredeneerde of argumenterende manier aangepak moet word.
- Wanneer jy jou opstel moet skryf, behels dit ook 'n hele proses. Dit is belangrik dat jy die verskillende stappe in die proses volg om te verseker dat jou opstel goed gestruktureer is.
- Onthou: Elkeen van hierdie soort opstelle het 'n bepaalde register, toon en styl. 'n Verhalende opstel kan byvoorbeeld 'n spanningsverhaal of 'n humoristiese verhaal wees; dit hang alles van die toon, register en styl af.

## VERHALENDE OPSTEL

Hou die volgende in gedagte wanneer jy 'n verhalende opstel skryf:

- Jy vertel van iets wat gebeur het, dus 'n storie of gebeurtenis.
- Ontwikkel 'n logiese storielyn wat die leser sal oortuig.
- Skryf entoesiasties; mense moet jou storie kan glo.
- Dit moet boeiend (*captivating*), interessant, oortuigend en samehangend wees.
- Dit kan uit jou eie ervaring geskryf word, of dit kan jou verbeelding wees.
- Die karakter(s) moet oortuigend wees en die agtergrond en atmosfeer moet goed saamwerk.
- Plaas jou verhaal iewers, binne 'n spesifieke plek/ruimte. Die ruimte gee vir jou 'n aanduiding van die woordeskat wat jy gaan gebruik, bv. hospitaal: aarvoeding, maskers, reuk van ontsmettingsmiddels, dokters, teaters ...
- Jou opstel moet die volgende bevat: 'n treffende inleiding wat die leser wil laat verder lees en 'n slot om die storie goed mee af te sluit.
- Gebruik die verlede tyd, of skryf in die historiese teenwoordige tyd.

**Historiese teenwoordige tyd**

In die historiese teenwoordige tyd word iets wat in die verlede gebeur het, beskryf asof dit nou gebeur. Jy gebruik gewoonlik die woord "toe":

- Toe Gouelokkies geen antwoord hoor nie, besluit sy om by die huisie in te stap.
- Ek neem toe my boeksak, pak my boeke in en stap skool toe.
- Toe ek daar kom, lui die klok.

Wanneer 'n mens gewoonlik in Afrikaans iets in die verlede tyd skryf, gebruik jy **het ge-, byvoorbeeld:** Die groot aand **het aangebreek**. Die sinne hierbo is steeds in die verlede tyd, maar dit word sonder **het ge-** geskryf.

**'n Voorbeeld van vertelling:**

Lees die onderstaande aangepaste uittreksel uit die verhaal "Uhuru" (C. Johan Bakkes):

> "Ons stap met moeite voort. Die hoogste punt van Kilimandjaro lê en wink. Ys spoel soos wit versiersuiker oor sy kant. Ek is tot die dood toe moeg, duiseligheid oorval my. Ek snak na asem wat daar nie is nie. 'n Sluk uit my waterbottel lewer ys op."

In hierdie vertelling kan ons agterkom:
- dat die verhaal oor 'n bergklim op die berg Kilimandjaro handel
- dat die bergklim baie moeilik is
- dat die verteller sukkel om asem te haal
- dat hulle baie hoog geklim het.

Die skrywer het ...

- die gebeure op **'n spesifieke plek** laat plaasvind: berg Kilimandjaro
- interessant en boeiend geskryf: die leser wonder of die klimmers die hoogste punt van die berg gaan bereik
- die **atmosfeer** en agtergrond werk goed saam: die hoë berg, die ys en die soek na asem, skep 'n **gespanne** atmosfeer
- in die **historiese teenwoordige tyd** geskryf: Die gebeure het al lankal plaasgevind, maar daar staan "Ons stap met moeite voort."



Oefen nou jou vertelling deur EEN van die onderstaande opdragte uit te voer.

1. **Ek sal dit nooit weer doen nie!**
   Skryf die **inleidingsparagraaf** van hierdie opstel.

**OF**

2. **Daardie dag het ek my buurman/ buurvrou regtig leer ken!**
   Skryf 'n paragraaf uit hierdie opstel waarin jy vertel watter <u>onverwagte aksie</u> die buurman/ buurvrou gedoen het.

**OF**

3. **Dit was 'n lekker familietroue!**
   Skryf 'n paragraaf uit hierdie opstel waarin vertel watter <u>snaakse ding</u> jou ouma/ oupa by hierdie troue aangevang het.

**BESKRYWENDE OPSTEL**

Die skrywer beskryf iets/iemand soos hy/sy dit ervaar. ‘n Mens kan net iets beskryf wat jy goed ken of waarvan jy baie ervaring het. Probeer om die persoon / iets wat jy beskryf, so lewendig as moontlik te beskryf.

'n **"lewendige" beskrywing** is:

- so na as moontlik aan die werklikheid: die leser moet glo dat dit werklik so lyk, ruik, voel en klink.
- genotvol: dit is lekker om te lees
- duidelik: die leser weet presies waarna jy verwys
- gebaseer op eie ervaring: as jy iets self ervaar het, kan jy dit beter beskryf

- Gebruik al vyf sintuie (gehoor, gesig, tas, reuk, voel) om jou waarnemings weer te gee. Dit vereis dat jy ‘n goeie woordeskat moet hê.
- Jy kan ook jou eie gevoelens van dit wat jy beskryf, gee.
- Plekke en gebeure moet presies en akkuraat beskryf word.
- Karakters moet lewensgetrou beskryf word; nie net die uiterlike nie, maar oor die innerlike.
- Maak gebruik van beeldspraak, stylfigure, idiome, spreekwoorde, maar dit moet oorspronklik wees.
- Wanneer jy iets/iemand beskryf, is die atmosfeer en stemming belangrik. Dit doen jy deur figuurlike in plaas van letterlike taal te gebruik.

**'n Voorbeeld van beskrywing:**

Lees hoe die vrou in die onderstaande uittreksel uit die verhaal "Op soek na Kid Khumalo" (Dolf van Niekerk) beskryf word:

> "Haar bril met die dik raam bly van haar gesig afgly. Die bril én die lense is lankal ondoeltreffend. Sy vee die sweet van haar gesig af. Haar been pyn van al die beweging en ronddra van die paar meubelstukke. Haar werkgewers van dertien jaar het haar blyplek laat vergroot toe sy op ‘n hartseerdag daarvan praat om by haar seun Kid in Soshanguve te gaan woon."

In hierdie beskrywing kan ons agterkom:

- dat die vrou se oë swak is, want sy dra 'n bril met 'n dik raam
- dat sy armoedig is, want die bril en lense werk nie meer nie, maar sy het nie geld om die nuwes te koop nie.
- dat sy baie hard werk en moeg is, want sy vee sweet van haar gesig af.
- dat sy sieklik is, want haar been pyn
- dat die vrou nie baie gelukkig is nie, want sy het "op 'n hartseerdag" gesê sy wil by haar seun gaan woon.

Die skrywer het ...

- die vrou se uiterlike (hoe sy **lyk, haar toestand**) sowel as haar innerlike (wat sy **voel**) beskryf.
- haar bril presies beskryf: “bril met die dik raam”
- die leser laat glo dat die vrou arm is: “die paar meubelstukke”; en
- ’n atmosfeer/stemming geskep waar die leser die vrou jammer kry: “’n hartseerdag”



Oefen nou jou beskrywing deur EEN van die onderstaande opdragte uit te voer:

**1. Die interessante mense in die taxi**
Skryf ’n paragraaf waarin jy slegs een van die mense in die taxi beskryf.

OF

**2. Mooi, mooier, die mooiste!**
Skryf ’n paragraaf waarin jy die dier wat volgens jou die mooiste is, beskryf.

OF

**3. My straat ... die beste plek**
Skryf ’n paragraaf waarin jy een aspek van jou straat beskryf, byvoorbeeld die mense/ een mens of die geboue/een gebou.

---

**BESPIEGELENDE OPSTEL**

- Die doel van die bespiegelende opstel is om ‘n idee te oorweeg, daaroor te dink en gevoelens en reaksies daaroor weer te gee.
- Jy gee jou **persoonlike siening** en dit is dus **subjektief**. Dit is dus jou idees, gedagtes en **gevoelens** oor ’n spesifieke onderwerp wat gestel word.
- Hierdie gedagtes en gevoelens waaroor geskryf word, moet **opreg** wees – die leser moet jou persoonlike betrokkenheid kan aanvoel.
- Dele van hierdie opstel **mag beskrywend wees**.
- Verskillende sienings kan gegee word en jy kan dan ’n eie mening vorm.
- Gebruik woorde soos: ek is oortuig dat... / dit bewys dat... / maar... /dog.../omdat.../ daarom...
- Omdat jy **persoonlike gevoelens** oordra, moet jy **persoonlike voornaamwoorde** gebruik (**Ek** voel dat... / **my** mening hieroor is dat... )
- Sog dat jou sinstrukture, spelling, leestekens,taalgebruik en paragrafering korrek is.

**ARGUMENTERENDE OPSTEL**

- Die doel van 'n argumenterende opstel is om die leser van **jou standpunt** te oortuig. Jy probeer dus **slegs jou eie standpunt verdedig**.
- Die inhoud van hierdie opstel is **subjektief** en jou eie menings word gestel.
- Probeer jou eie menings op 'n oorspronklike en treffende manier stel.
- **Verdedig** jou standpunt met **sterk argumente** vir jou saak.
- Indien daar teenargumente is, wys op die **swakplekke van die teenargument**.
- Gebruik verskillende **stylfigure** en **oorredingstegnieke**.
- Gebruik **sterk gevoelstaal** vir emosie, maar moenie krutaal gebruik nie.
- Die slot moet sterk, duidelik en oortuigend wees om jou standpunt te ondersteun.
- Gebruik woorde wat **rede**, **oorsaak** of **logiese gevolgtrekking** aandui, bv. dit bewys dat.../ maar.../dog.../omdat.../daarom...
- Skryf in die teenwoordige tyd.

**Oorredingstegnieke:**
- Spreek die gehoor **direk** aan: gebruik persoonlike voornaamwoorde en diinge wat julle saam ervaar het.
- Kritiseer opponerende standpunte
- **Oordryf** om 'n standpunt te stel
- Gebruik woorde en frases wat 'n **emosionele reaksie** ontlok
- Herhaal 'n woord, sinsnede of idee om iets te beklemtoon
- **Stel vrae** wat die leser laat nadink

**BEREDENEERDE OPSTEL**

- Die doel van 'n beredeneerde opstel is om op **'n gebalanseerde manier verskillende standpunte** aan te bied. Die skrywer is dus **objektief** en gee **beide kante van die argument**. So 'n opstel moet goedgemotiveerde en ondersteunende **stellings** bevat.
- Die argument of probleem moet alreeds in die inleiding gestel word.
- Jy moet **ondersteunende argumente** vir en teen die saak wat beredeneer word, gebruik.
- Die leser moet uiteindelik deur jou standpunt oortuig word.
- **Oorredende** en **emotiewe taal** sal jou help om die leser te oortuig.
- In die slot kan jy jou **gevolgtrekking** bereik, of jy kan die inligting opsom en aanbevelings maak.
- Gebruik woorde wat **rede**, **oorsaak** of **logiese gevolgtrekking** aandui, bv. dit bewys dat.../ maar.../dog.../omdat.../daarom.../
- Skryf in die teenwoordige tyd.

**Oorredende taal:**
- **Oorredende taal** word gebruik om mense te oortuig. Dit wil hê mense moet die voorgestelde standpunte ondersteun. Die hoofdoel met die gebruik van oorredende taal is om die leser se **emosies**, eerder as hul denke, aan te spreek.

Bestudeer gerus die **emotiewe woorde** in die onderstaande tabel en gebruik dit wanneer jy 'n bespiegelende, argumenterende en beredeneerde opstel wil skryf.

| **Maniere om emosies te beskryf** | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Liefdeswoorde** | **Woorde wat blydskap uitdruk** | **Woorde wat woede uitdruk** | **Woorde wat hartseer uitdruk** | **Woorde wat vrees aandui** |
| liefde | blydskap | woede | hartseer | vrees |
| aangetrokke | vreugde | woedend | pyn | angs |
| betower | verheug | afgryse | verslae | vreesagtig |
| begeer | opgewonde | kwaad | wanhopig | skrik |
| Engel | opgewondenheid | befoeterd | depressief | skrikkerig |
| Skat | jolig | geïrriteerd | verdriet | histeries |
| Liefie | uitgelate | ergernis | ontsteld | senuweeagtig |
| omgee | opgewek | vererg | ontsteltenis | huiwer |
| hou van | vrolikheid | ontevredenheid | somberheid | angstigheid |
| koester | opgeruimd | frustrasie | ongelukkig | bangheid |
| verlief | feestelik | omgekrap | seergemaak | paniek |
| been-af | ekstaties | ontstoke | mismoedig | paniekerige |



**OPDRAGTE OOR DIE BESPIEGELENDE, ARGUMENTERENDE EN BEREDENEERDE OPSTEL**

1. **Dieet maak mense vet.**
   Maak 'n lys van die **5** argumente wat jy in 'n opstel oor hierdie onderwerp sal gebruik.

2. Versamel die feite om 'n argumenterende opstel oor die volgende onderwerp te skryf:
   **Mense het te veel van tegnologie afhanklik geword.**

3. **Aanlyn leer of leer in die skool**

Gebruik die tabel hier onder as deel van jou beplanning vir **'n beredeneerde opstel** oor die bostaande onderwerp. Onthou: In 'n beredeneerde opstel moet jy **altwee kante** van 'n saak bespreek en nie kant kies nie.

| **Aanlyn leer** | | **Leer in die skool** | |
|---|---|---|---|
| **Voordele** | **Nadele** | **Voordele** | **Nadele** |
| **1** | **1** | **1** | **1** |
| **2** | **2** | **2** | **2** |
| **3** | **3** | **3** | **3** |

**4. WERKKAART: Die eindelose gejaag na "likes"**

**OPDRAG**: Lees die skryfstuk **Die eindelose gejaag na "likes"** en die aantekeninge oor die soorte opstelle en skryf dan die ontbrekende woorde in die oop spasies hier onder neer. Die paragrawe in die skryfstuk is genommer omdat die vrae daarna verwys.

4.1. Hierdie skryfstuk is 'n **bespiegelende opstel**, want dit handel oor Keliah Daniels se

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.2. Keliah se **eerste argument** teen die deel van inligting op sosiale media (paragraaf 2) is dat dit

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.3. Keliah gebruik die volgende **persoonlike voornaamwoorde** in haar skryfstuk:

______________________________________________

______________________________________________

4.4. Watter **wenk/ raad** gee Keliah in **paragraaf 4**?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.5. Watter **twee probleme** word volgens Keliah (paragraaf 5 en paragraaf 6) deur **vergelykings** veroorsaak?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

4.6. In paragraaf 9 sê Keliah dat jy **op jouself moet fokus**. Watter **vier (4) maniere** noem sy in paragraaf 10 van **hoe** jy op jouself kan fokus?

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

**Die eindelose gejaag na "likes"**

(Deur Keliah Daniels)

1) En toe kom die grendeltyd.

2) Al wat jy gehad het, was jou televisiereekse en sosiale media. Of dis wat ek gedink het. Na 'n week se deel van alles in my lewe, het ek 'n oomblik van helderheid gehad! Wat was nou eintlik die punt van al dié delery?

3) Tensy dit nie jou beroep is nie, hoef jy nie alles te deel nie. Dink 'n bietjie daaroor: niemand hoef te weet van álles wat in jou lewe gebeur nie.

4) Wanneer laas het jy met jou vriende gekuier sonder om 'n kamera in almal se gesig te druk, net om jul tyd saam op 'n storie te laai?

5) Dan is daar ook die vergelykings wat gemaak word. Jy sien iemand anders se "perfekte" storie op die platform en voel onder groot druk om dieselfde uit te beeld.

6) Intussen sit jy op jou eie potensiaal wat veel meer as 'n foto of 'n app is.

7) Kyk, ek klink dalk outyds, maar iemand móés dit sê!

8) Loop 'n bietjie buite rond, kyk om jou en dalk sal jy ook besef hoe belaglik dit lyk: elkeen loop met 'n selfoon in die hand en weet nie wat om hulle aangaan nie.

9) Fokus 'n bietjie op jouself. Gee jouself so nou en dan 'n ruskans, want dit kan nie goed vir iemand se geestestoestand wees om tot ses uur lank op 'n selfoon besig te wees nie.

10) Lees weer asof jou lewe daarvan afhang: boeke of tydskrifte, nie skerms nie! Skilder wat op jou hart is, skryf wat in jou gedagtes is en gaan leer daai nuwe vaardigheid wat jy lankal wou doen.

11) Ek belowe jou jy gaan niks op al daai sosiale platforms mis nie.

12) Vrede en sterkte.

[Aangepas uit ***netwerk 24***, *12 November 2020*]

**Memorandum van werkkaart:**

4.1 (Keliah Daniels se) persoonlike siening, idees, gedagtes en gevoelens oor die deel van inligting op sosiale media.

4.2 nie 'n doel dien nie/ nie sin maak nie

4.3 ek, my, jy, jou,

4.4 Kuier met jou vriende sonder om 'n foto te neem.

4.5 Jy voel onder druk om dieselfde perfekte storie uit te beeld/ Jy voel onder druk om ook perfek te wees.
Jy vergeet jou eie potensiaal.

4.6 Lees 'n boek of tydskrif; skilder; skryf en leer 'n nuwe vaardigheid

5. Beplan en skryf nou 'n bespiegelende, 'n argumenterende of 'n beredeneerde opstel oor die onderwerp: **SÊ JOU KLERE WIE JY IS?**

Jou opstel moet **250 – 300 woorde** bevat.